

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 102

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Waarheid - of verdigsel?

Dit was 'n ou vrou tjie wat dit aan my vertel het.

Sy was in die konsentrasiekamp. Dit was tydens die 3-jarige Vryheidsoorlog. Elke week het hulle hul kindertjies graf toe gedra. Dag-vir-dag is daar gelewe op hoop.

Toe — dit was teen die einde van die oorlog — het daar eendag skielik 'n gerug deur die kamp getrek, 'n gerug wat die hele kamp op horings gehad het: Genl. De Wet en nog 'n paar ander het 'n geweldige deurbraak gemaak. 'n Belangrike Engelse generaal is gevang. Daar word met 'n vredesaanbod gekom... vryheid is in sig.

Die verhaal was so geloofwaardig, want twee vroue wat onafhanklik gevange geneem is, het dieselfde verhaal vertel. Tot in die fynste detail het dit ooreengestem.

Vyf dae later het dit geblyk 'n valse gerug te wees. Die twee sogenaamde getuies het geblyk twee geestelik versteurdes te wees — slagoffers van die vreeslike spanning van die oorlog. Wat almal aangeneem het vir die waarheid, was verdigsel! Dit was niks anders as die waandenkbeelde van twee ongelukkige mense nie.

Verdigsel... en geen waarheid nie. Kan dit nie dalk ook die geval wees met die Bybel nie?

Het liggelowige Bybelskrywers hulle nie dalk laat mislei deur allerhande gerugte en waandenkbeelde van die mense van Jesus se tyd nie? Die dissipels het Jesus liefgehad. Sou hulle nie maklik elke goeie gerug oor Hom geglo het nie? Is dit nie hoe hulle daartoe gekom het om die "Bybel" te skryf nie?

Kan dit nie wees dat al die verhale van dooies wat lewendig geword, blindes wat siende geword het, lammes wat weer kon loop, verdigsel was nie? Kan dit nie mites wees wat die goedgelowiges vissers, tollenaars, ens. vol van hulle Messiaanse waandenkbeelde, op papier gaan sit het nie?

Leser, hierdie twyfel bevang so dikwels ook my hart en dan is ook ek onseker. Hoe kan ons van dié onsekerheid verlos word, vra u my. 'n Wonderresep kan ek nie gee nie. Ek weet die Bybel is deur mense geskrywe — sondige feilbare mense. Hulle het elkeen hulle eie aard, eie styl en eie verteltrant gehad. Hoe meer ek daarop let dat mense die Bybel geskryf het, hoe meer gaan ek "foute" en "onnoukeurighede" daarin vind.

As ek twyfel oor die Bybel, dan doen ek één ding. Ek lees dit en ek herlees dit en ek oordink wat daarin staan. Ek laat die Bybel vir homself spreek. Elke keer kan ek nie anders as om te erken dat dit mensewoorde is nie... maar dis ook die woorde van God! Hoe meer ek dit lees, hoe meer raak ek oortuig dat die Skrif — al is die skrywers daarvan mense — deur God ingegee is! (2 Tim. 3:16).

Nie alleen is dit so met die gedagtes daarin nie, maar ook met die woorde. Dit is soos Paulus sê: "nie woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar wat die Heilige Gees leer." (1 Kor. 2:13). Ja, die Heilige Gees het Paulus en die vissers en die tollenaar gedryf om te skryf, al was dit soms anders as wat hulle oorspronklik van plan was om te skryf. (Judas vers 3).

As ek onseker word, dan lees ek dié ou Boek meer as ooit tevore! Doen u dit ook! U sal sien dat die dieptes en die rykdomme van daardie Boek, soos vir my, ook vir u al meer oopgaan. In daardie Boek hoor ek God! Ook vandag nog praat Hy daaruit met u en met my!

Uiteindelik moet ons uitroep: HERE, u leef! U Woord oortuig van sondaarsliefde... ook vir my! U Gees, die lewendmakende Gees, maak my dooie, ongelowige hart bereid om te aanvaar dat dit u Woord is. Deur u Gees het ek U gedagtes leer verstaan. Onweerstaanbaar

getuig Hy in my hart dat ek ook 'n kind van God is. Hy laat my dit sê: "Abba," dit is "Vader"! (Rom. 8:14). Sonder skroom sê ek dit: Vader, U Woord is geen verdigsel nie! "Die hele inhoud van U Woord is die waarheid." (Ps. 119:160).

N. Dromer.

Die middele waardeur God geken word

Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê, Rom. 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort.

(Nederlandse Geloofsbelydenis, Art.2)

DIE STEM VAN GOD OF DIE STEM VAN 'N MENS

Daar staan 'n boek op 'n rak, of miskien is dit iewers weggepak — vergete, toe onder die stof — die Bybel.

U Belydenis?

Die Bybel is maar net nog 'n boek, ou saamgebundelde Joodse geskrifte, pure mensewerk. Boonop, in vele opsigte, onbetroubaar, verwarrend, onduidelik, vaag... Dit is heeltemal uit voeling met die moderne lewe. Buitendien, wat is Moses of Paulus nou beter as ek? Hulle het hulle opinie en ek myne. Hulle was ook maar mense... vol foute en gebreke.

My Belydenis!

Die Bybel is dié Boek van alle boeke. Dit is die Woord van God. God maak Hom in die Bybel aan ons bekend. Hy het wel van mense soos u en ek gebruik gemaak as skrywers, MAAR Hy het hulle deur Sy Heilige Gees in alle waarheid gelei. Die Heilige Gees was dus God se eintlike Bybelskrywer en die mense was die Gees se pen en ink.

Daarom is die Bybel onfeilbaar, betroubaar, verstaanbaar, altyd nuut, deur die eeue heen modern. Dit is die wonder: God praat met my — hier en nou in my besondere situasie!

Kom ons wees eerlik

As jy vra na bewyse, staan ek verleë. Ek kan nie bewys dat die Bybel God se Woord is nie, maar as jy eerlik wil wees... jy kan ook nie die teendeel bewys nie. Jy glo dit net.

Jou geloof dat die Bybel nie die Woord van God is nie, is egter in *jouself* gegrond. Ek glo dat dit die Woord van God is omdat die *Bybel* self so sê. 'n Diamant bly 'n diamant al lê dit ook hoe diep weggesteek. As iemand dit eendag opneem en daarna kyk, weet hy sommer dit is eg. Die diamant spreek as't ware vir homself.

So spreek die Woord vir homself:

— "So spreek die HERE."

— "Die hele Skrif is deur God ingegee."

— "Deur die Heilige Gees gedrewe het die mense van God gespreek."

Die wonder

Lees, ondersoek en bestudeer die Bybel. Dan sal die Bybel self jou oë open om die wonder te aanskou — die wonder van God wat met jou praat, die insig dat dit tog betroubaar is en steeds meer vervul word — die oortuiging dat dit Gods Woord is.

Ses-en-sestig verskillende boeke, geskryf deur verskillende mense, wat in verskillende eeue op verskillende plekke geleef het, vorm een logiese geheel waarin geen botsings voorkom nie — 'n Boek met een deurlopende goue draad — Jesus Christus, die Heiland.

Ses-en-sestig boeke wat mekaar vanself gesoek en 'n eenheid gevorm het. Is dit mensewerk of God se werk? Voorspellings wat eeue voor die tyd gedoen is, is tot die letter toe vervul. Dink maar aan al die voorspellings in verband met Jesus Christus — sy geboorteplek, sy lyde, sy verraad vir dertig silwerstukke, die lot wat oor sy klere gewerp is. Is die profesieë nie deur die Gees van God ingegee nie?

Nog 'n wonder? Lees die vergete Boek. Voel u dat u hier van aangesig tot aangesig met God staan? Hier praat Hy met my onder vier oë, hier is besig om iets met my te gebeur, roep dan uit: Ek glo Here. Kom my ongelooft te hulp!

Dan het die wonder gebeur dat die kind die stem van sy hemelse Vader herken het deur die Woord van God! Mag die wonder met u gebeur!

W. de Vos.

Waaraan die Heilige Skrif sy aansien en gesag ontleen

Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig. daarop te grond en daarmee te bevestig. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is.

(Ned. Geloofsbelydenis, Art. 5)

Kan ek die Bybel verstaan?

Stopwoord

Ek het 'n oubasie geken wat die woordjie "verstaan" as 'n stopwoord gebruik het soos ander mense lief is om "né" of "jy weet" of "hoor" orals in te voeg.

Die goeie vriend van my Pa het tydig en ontydig die stopwoord "verstaan" gebruik. Wat hy ook al gesê het, het hy beklemtoon deur te vra: "Verstaan?" Dit was vir ons kinders tog te snaaks toe hy by een geleentheid in 'n ernstige gesprek uitgeroep het: "Verstaan, verstaan!!"

Veel later het ek van 'n reisiger langs die eensame pad wat afloop van Jerusalem na Gasa, gelees. 'n Vreemdeling het na die boekrol van Jesaja in sy hand gewys en gevra: "Verstaan u wel wat u lees?"

Toe verstaan ek meteens! "Verstaan" het wel vir my Pa se vriend 'n stopwoord geword, maar oorspronklik moes hy deur die ryke betekenis daarvan bekoor gewees het, nl. "Begryp u?" "Het u die kennis wat u opgedoen het, verwerk en as die waarheid aanvaar?" en "Verstaan u?"

Kan ek die BYBEL verstaan?

Die Bybel — die Bybel is 'n wonderlike boek. Dit is oor 'n tydperk van bykans 2 000 jaar deur verskillende mense geskrywe en bestaan reeds byna soveel jaar. Daar is geen boek wat in soveel tale van die wêreld vertaal is, of deur so baie mense gelees word nie.

Kan ek die Bybel verstaan, vra u. Die Bybel is die Woord van God. Dit beteken twee dinge:

- dat in die Bybel direkte woorde van God gevind word,
- dat die daad van God in die geskiedenis en sy raadsplan vir die toekoms beskryf word.

'n Mens leer iemand ken uit sy woorde en daad. So maak God Hom ook aan die mens bekend. Daarom is die Bybel die diepste bron van die kennis aangaande God. Elke mens weet dat daar 'n god is, maar Wie Hy is, hoe Hy is, waar Hy woon en wat Hy doen, word eers duidelik as 'n mens die Bybel lees... en verstaan!

God spreek in u moedertaal tot u. God spreek daarin oor en van Homself. Hoe sou u dan nie die Bybel verstaan nie? Dit is die Pinksterwonder: "... ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot daad van God spreek." (Handelinge 2:11).

KAN ek die Bybel VERSTAAN?

Hierop sou ek wou antwoord "Ja" en "Nee".

"Ja", as ons die Bybel gelees het, moet ons bely dat die boeke van die Bybel die bewys van hul heiligheid en goddelike gesag in hulself het; aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is.

Die Bybel is geen ingewikkelde, teologiese verhandeling nie en geen wetenskaplike handboek nie. Daarom is dit vir die eenvoudigste mens verstaanbaar — altans, wat die mens se elementêre geestelike behoeftes betref. Immers, die eerste mense aan wie die Here Jesus Hom geopenbaar het, was eenvoudige, ongeletterde vissers! Hy sê verder ook êrens: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.

"Nee", as daarmee bedoel sou word dat ek *alles* kan verstaan, maar dan ook weer — as u en ek alles van God sou kon verstaan, sou Hy (met respek gesê) nie meer ons God nie, maar ons gelyke gewees het.

Uit die gevleuelde woorde van 1 Korinthiërs 13 oor die Liefde, hoor ek naklink: "... ons ken ten dele en profeteer ten dele... want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig." My finale antwoord op u tweede vraag is dan: Ja, u *kan* alles uit die Bybel wat vir u nodig is om salig te lewe en te sterwe, *verstaan*.

Kan EK die Bybel verstaan? Ek dink dat hierdie die belangrikte van al u vrae is — juis omdat dit so 'n intiem persoonlike vraag is en juis omdat ons godsdiens, ons geestelike nood en behoeftes per slot van rekening 'n saak tussen ons en ons God is.

My antwoord op u vraag is: "Ja"

"Ja", mits u nie bloot met u verstand na die Bybel — God se bekendstellingsbrief aan u — wil luister nie, maar met kinderlike geloof en verwondering sy Woord aanvaar. 'n Seuntjie aanvaar onvoorwaardelik wat sy vader sê en doen. Volle begrip kom veel later eers. Dan eers "verstaan" hy waarom sy vader nie anders opgetree het nie. Dis so waar, "Want aan diesulkes behoort die koninkryk van die hemele!"

"Ja", mits u nie weier om die Bybel in sy geheel te bestudeer nie, want lees is nie genoeg nie en die Bybel moet in sy samehang verstaan word. "Ja", mits u nie te hoogmoedig of eiewys is om hulp in die kerk van die Here te soek en te vra nie. "Ja", ook *U* kan die Bybel verstaan, mits u nie die Heilige Gees van God, wat ook deur hierdie geskrif u tot geloof in Jesus Christus roep en tot bekering opwek, teenstaan nie.

Vandag, as u sy stem hoor, verhard u hart nie. Wat roep Hy u toe? "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig." (Mattheüs 11).

Verstaan u wat u lees?

F. J. du T. Lessing.

DIE SKYNBESLISSING

My vriend, dit is seker nie nodig om Jesus Christus aan u voor te stel nie. U weet tog dat Jesus Christus die Seun van die Lewende God is. Hierdie Jesus het as mens na die wêreld gekom. Hy het in die wêreld gely en hy is deur die wêreld gekruisig, want Hy moes sterf in ons plek, Hy moes met sy lewe boet vir die sonde van die mens. My sonde en u sonde het Hom laat vasspyker aan die kruis.

Ons Wins

Christus se dood was ons wins. Sy Kruisiging en sy Dood bring vir ons mee dat elkeen wat in Hom glo, nie die ewige verderf sal smaak nie, maar die ewige lewe sal beërwe! Van die ewige lewe lees ons "... daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie..." (Openb. 21:4).

Die Ewige Keuse

Vir die mens is daar net twee eindpunte in sy lewe: óf by Christus in die heerlike lewe óf in die ewige duisternis in ellende? Elke mens moet dus kies — U en ek ook! Jy mag nie halfslagtig kies nie, d.w.s. 'n bietjie van die een en 'n bietjie van die ander nie. Jy lewe of *vir* Christus óf *teen* Hom!

'n Niksseggende Keuse

Ons lees van 'n man wat by 'n sekere geleentheid aan Christus gesê het: "Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om my mense by die huis te gaan groet." Hierdie man het Christus hoor preek en is beindruk. Na 'n gewik en geweeg besluit hy om Christus te volg. Hy het egter 'n voorwaarde. Hy wil Christus volg, maar gou eers terug huis toe. Hierdie besluit is 'n halfslagtige besluit!

Daar by sy huis sal hy dalk vind dat daar *talle* dinge is wat sy aandag dringend benodig. Hy sal onmoontlik alles net so kan los. Hierdie man se besluit is eintlik: *nóú* eers huis toe! In die toekoms een of ander tyd sal hy Christus volg. Weens hierdie halfslagtige besluit antwoord Christus hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie."

En my Keuse... ?

Maak u en ek nie dikwels net soos hierdie man as ons moet besluit oor ons ewige wel en weë nie. Ek wil Christus volg — maar later eers — as ek oud is — as ek naby my dood is — as ek alles éérs geniet het wat my begeerte my voorsê. Ja, ek wil ook eers gaan afskeid neem van so baie dingetjies in my lewe vóór ek my kruis opneem en Christus volg.

Eendag is Eendag

Ek dink miskien sal dit gaaf wees as ek ook eendag die ewige lewe saam met Christus kan binnegaan, maar vir die hede is dit so moeilik om weg te breek van die dinge wat my aan die aarde bind. Eendag, êrens in die toekoms, is daar nog genoeg tyd om my lewe reg te kry... om godsdienstig aktief te raak. Ek sê: "Here, ek sal u volg, maar laat my *nóú* eers toe om huis toe te gaan... na my dinge toe."

Christus roep nou: "KOM!" Ek antwoord: "WAG NET SO 'n BIETJIE, EK KOM LATER!" As ons so sou antwoord, is ons nie geskik as volgeling van Christus nie en sal ons ook nie erfgenaam word van 'n ewige lewe in heerlijkheid nie! Christus sê: "Wie nie vir My is nie, is teen MY!"

Christus roep nou: "VOLG MY!" Dit mag Sy *laaste* uitnodiging *aan MY* wees.
WAT IS JOU ANTWOORD, MY VRIEND?

Frik van Deventer

Oor die geskrewe woord van God

Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het Self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte.

(Ned. Geloofsbelydenis, Art. 3)

GENADE VIR DIE EENSAME

Eensaam! Gebrek aan kontak met my medemens, 'n gevoel van verlatenheid, niemand sien my raak nie en die gevoel van my eie waardeloosheid oor meester my!

Eensaam! Selfs te midde van die massa in ons stede waar die mens teenoor sy medemens optree soos skepe wat bymekaar verbyvaar... sonder 'n groet... soos eilande in die see, wel naby mekaar, maar tog geskei deur 'n strook water. Eensaam... geskei van my medemens!

Is ons werklik EENSAAM? Die woord EENSAAM beteken: EK HET NIEMAND NIE... NIEMAND sien my raak nie!

Luister na die woorde van die apostel Paulus: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge; of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (Rom. 8:38, 39).

Paulus is seker van die liefde van God in Christus Jesus, onse Here. Die liefde van God is soos 'n rots te midde van stormwaters... 'n rots wat tyd en ewigheid verduur. Sterk en liggend staan die liefde van God jou altyd voor oë; ook onder die grootste stryd en swaarste aanvegtinge. Ek is versekerd dat *niks* my kan *skei* van die liefde van God nie — nie die dood nie, nie my eie dood nie — ook nie die dood van my naasbestandes nie.

As daar 'n mag is wat skeiding moes te weeg bring, dan is dit juis die dood. Die dood maak skeiding tussen liggaam en siel. Die dood maak skeiding tussen man en vrou, tussen ouer en kind, maar van die liefde van God kan selfs die dood ons nie skei nie, want Christus het die dood oorwin. God se liefde reik oor dood en graf heen.

Ook die lewe kan ons nie skei van God se liefde nie... die lewe met al sy stryd, met al sy eensame worstelinge. Geen magte in die hemel of op die aarde kan ons skei van die liefde van God nie! Ook geen hoogte of diepte nie... want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is God se goedertierenheid oor die wat Hom vrees.

Geen skepsel sal ons kan skei van God se liefde nie. Al sal alle menslike kontak afgesny word en ek in my alleenheid staan... dan nog is ek seker van God se liefde, maar wat is die grond vir hierdie geloofsekerheid ?

Paulus sê hy is verseker van die liefde van God IN CHRISTUS JESUS, ONSE HERE! IN CHRISTUS... dit beteken: op grond van Christus se verdienste het God ons lief. God het ons dus lief ondanks onself. Daarom is Paulus so seker van God se liefde, omdat God ons uit vrye genade liefhet, alleen VANWEEË Christus.

In ons plek moes Christus die eensaamste eensaamheid van Godverlatenheid deurworstel het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie, sodat ons belydend kan jubel: "Niks sal my skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie!"

Wat 'n ryke besit in 'n wêreld waarin ons van alles onseker is — onseker van alle aardse geluk! Al word ek geskei van alles wat vir my dierbaar is... al verloor ek alles in die lewe, sonder God en sy ontfermende liefde sal ek nooit wees nie.

Nie vandag nie!

Nie môre nie!

Tot in ewigheid nie!

Pieter Enslin.

*Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die Heer,
na die Lewensbron; wanneer
sal'k, na swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?
Psalm 42:1.*

Die geloof en die woord van God

Jy het seker al dikwels gehoor dat iemand sê: "Elke mens word op sy eie geloof salig." Ek weet nie wat jy daarvan dink nie — miskien is dit jou gedagte ook — maar ek wil vir jou sê dat daar geen groter onsin as dit bestaan nie. Enige geloof is nie maar sommer die regte geloof vir die hemel nie.

Ons kry die *historiese geloof* wat net 'n geloof van die verstand is. Iemand wat so 'n geloof besit, glo met sy verstand aan die Woord van God en hy sidder, maar hy voel nooit dat hy aangespreek word deur God en voel nooit in sy hart aangetrokke tot God nie. Sodanige geloof besit die duiwels ook. (Jak. 2:19).

Ons kry verder die *tydgeloof* wat deur onse Here Jesus só getipeer word: "En by wie dit op rotsagtige plekke gesaai is — dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie — hy is net vir 'n tyd en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik." (Matteus 13:20, 21). Die tydgelowige hoor die Woord van die evangelie en ontvang dit met blydskap; hy verheug hom daarin — maar dis net vir 'n tyd.

Dan kry ons die *wondergeloof* — 'n geloof in die wonders van God. Sodanige geloof kry ons dikwels op die siekbed. Die persoon glo dat God hom sal genees, maar as hy gesond geword het, keer hy weer na die ou dwaalweë terug. Niemand wat sodanige geloof besit, kan die weg van die saligheid betree nie, want dis *geen saligmakende geloof nie*.

Jy sou vra: Maar wat is die saligmakende geloof dan? Dit word in Sondag 7 van die Heidelbergse Kategismus soos volg beskrywe:

" 'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles as waaragtig beskou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus."

Ek wil graag hê dat jy hierdie definisie van die saligmakende geloof oor en oor sal lees. Mooier kan ek dit nie vir jou stel nie. Die geloof bestaan uit *kennis* van die Woord van God, want net so min as wat jy die strale van die son kan wegruk van die son, net so min kan en mag jy die geloof losmaak van die Bybel.

As ons van kennis praat, bedoel ons nie 'n teoretiese kennis van Gods Woord nie, maar 'n praktiese kennis wat gedra word deur die *vertroue van die hart* — 'n kennis waarby my hele wese betrokke en waarmee my saligheid gemoeid is.

Die Heilige Gees werk hierdie geloof deur die Woord van God... en daarom kan ons nooit die noodsaaklikheid genoeg beklemtoon om die Bybel te ondersoek en om gereeld kerk toe te gaan nie. Ons roep jou toe met al die aandrang van ons siel:

- Lees die Bybel en ondersoek dit as jou kosbaarste skat!
- Besoek die kerk gereeld!
- Bid tot God dat die glans van die saligmakende geloof helder in jou lewe mag brand!